# LAERSKOOL LYDENBURG

Tel: (013) 235 2077 / 235 2079
E-pos: ontvangs@lydlaer.co.za
admin@lydlaer.co.za

Posbus /P.O Box 5
Lydenburg, 1120

Omsendbrief 18 van 2022

2 Junie 2022

Geagte Ouers

1. **DAGROOSTER: 6 – 10 JUNIE 2022**
Leerders bly in hulle voogklasse gedurende die toetsreeks.

2. **NETBAL**
Sterkte aan die volgende spanne wat op Vrydag, 3 Junie en Saterdag, 4 Junie aan die Mpumalanga-uitspele gaan deelneem in Witbank: 0/11 A&B, 0/12 A&B en 0/13 A&B.

3. **TOETSREEKS**
Die toetsreeks vind plaas vanaf 6 – 15 Junie. **Tydens die toetsreeks sal die skool elke dag om 12:00 sluit.** Die rooster is reeds op groepe geplaas.

4. **GRAAD R-7 NUWE INSKRYWINGS – 2023**
**Graad R-7 inskrywings vir NUWE LEERLINGE IN 2023 vind op Dinsdag, 14 Junie 2022 plaas vanaf 07:30 tot 11:00 by die hoofhek onder die afdak.**

**Bring asseblief die volgende saam:**
**Afskrifte van beide ouers se ID's**
**Kind se geboortesertifikaat**
**Bewys van adres (nie ouer as 3 maande nie)**
**Laaste rapport (Graad 2-7)**
**Swart pen om die vorms te voltooi.**

Geen kind se plek is verseker nie, die beheerliggaam neem die finale besluit.
**LSL leerders in (Graad R - 6), sal op 'n later stadium vorms ontvang om te herregistreer.**

5. **MINI-SPORT**
Op Donderdag, 2 Junie 2022, speel ons by Laerskool Nelspruit. Betrokke leerlinge het reeds die nodige inligting ontvang. Die bus vertrek 11:00 vanaf die skool. Baie sterkte aan almal.

6. **VADERSDAGVERKOPE-MEDIASENTRUM**
Hierdie jaar word Vadersdaggeskenkies slegs op bestelling gemaak. Die geskenkies word mooi verpak en kom saam met 'n kaartjie wat u kind self kan voltooi. Bestellings sluit 7 Junie. Betaling saam met u bestelling vind by die kassiere plaas. Daar is 3 verskillende geskenkies beskikbaar van verskillende pryse: R15, R30 en R50. Die geskenke sal op Woensdag, 15 Junie uitgedeel word.

7. **<u>NIE-BEDERFBAREKOS PROJEK</u>**

**Die LSL-Hartprojek gaan weer nie-bederfbarekos insamel. Soos in die verlede wil ons graag voor die lang wintervakansie kos insamel vir ons families wat dit nodig het. Ons doen hierdie projek slegs een maal per jaar. Blikkieskos en nie-bederfbare kos kan op Vrydag, 3 Junie gebring word en die kinders kan gewone klere skool toe dra.**




8. **<u>ASTRO – INWYDING</u>**

Die bogenoemde geleentheid vind plaas op Maandag , 20 Junie 2022 vanaf 18:30 by die Astrobane. Daar gaan hope pryse te wen wees! Kom geniet die groot gebeurtenis in skool se geskiedenis. Almal welkom!!



Laerskoolgroete

**CORNELUS LEMMER**
**HOOF**